## 5 Junie - ISAK

**Skrifgedeelte: Genesis 22:1-19**
**Fokusgedeelte: Genesis 22:8, 14**

Die geboorte van Isak was die vervulling van God se verbondsbeloftes en mens wil amper saam met Abraham die emosie ervaar wat in Isak se naam opgesluit lê, naamlik om te lag – maar hierdie keer van vreugde en dankbaarheid. Die geslagslyn waarin die verbondsbeloftes gestalte sou kry, het begin loop. Maar nou moet Isak geoffer word.

Ons weet nie wat in Abraham óf Isak se gemoed omgegaan het nie, maar twee keer vertel die teks vir ons die konteks waarbinne die gebeure afspeel: *"Die Here voorsien"*, want God bly getrou aan sy beloftes. Isak word nie net die gawe van die verbond nie, maar hierdie gebeure is ook God se waarborg van sy verbondstrou.

God se voorsienigheid is vir ons die raamwerk waarbinne ons lewens van begin tot einde afloop. God se voorsienigheid ís die lewe. Die geloofspad van God se kinders was nog nooit nét maanskyn en rose nie. Die Nuwe Testament vertel van gevangenskap, honger, skipbreuk, vervolging, marteling en dood, ter wille van die evangelie. Dit vertel hoeveel daar deur mense opgeoffer is vir God – vir God wat eenmaal in die geskiedenis uit liefde vir sy kinders sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom aan die kruis laat offer het sodat ons mag weet dat God voorsien; wel op maniere wat soms vir ons menslike verstand nie altyd sin maak nie, en op tye wat dalk nie vir ons geleë is nie.

God se gedagtes en God se tyd omvat egter ons hele lewe. Die Isak-gebeure op Moria is 'n voorspel tot die Christusgebeure wat later sou kom op Golgota; volgens sommige verklaarders skaars 'n klipgooi van Moriaberg. Toe het God se voorsienigheid egter wel behels dat bloed moes vloei ter wille van ons en ter wille van sy troue sorg oor ons lewens.

*Sing: Psalm 42:3 (1936-beryming)* *Dr SP van der Walt (Benoni)*